DIE MAAN DEUR ’N GAATJIE IN DIE NAG

Musiek: Marie Tredoux
Teks: Nic Tredoux

Geitjie teen die muur, spookskimme in die vuur
Ag, hoe lank het ek getuur na die maan
Die maan deur ’n gaatjie in die nag
Skilpad in die muisbos-as, kiewietneste in die gras
Hoe’t ek gewonder hoe dit was op die maan
Op die maan deur ’n gaatjie in die nag

Strooimatras en velkaros, die vuurherd ruik renosterbos
Ag, hoe ver het ek gedros van die maan, van die maan
Van die maan deur ’n gaatjie in die nag
Van die maan deur ’n gaatjie in die nag

Stilstaanson en kriekgekoor
Suring uit die braaklandvoor
Ag, hoe is ek bekoor deur die maan
Deur die maan deur ’n gaatjie in die nag

In die ligval op die misvloer
Sien ek rooimier stoot sy hoop
Ag, hoeveel draaie’t ek geloop om die maan
Om die maan deur ’n gaatjie in die nag

Dikmelk oorloopvol geskink
Soetbrak uit fontein gedrink
Ag, hoe ver het ek gehink na die maan
Na die maan deur ’n gaatjie in die nag

Kersligstilte om die tafel
Ou, ou woorde uit die Boek
Ag, hoe lank sal ek nog soek na die maan
Na die maan deur ’n gaatjie in die nag

Voorhuisstories, grootmenstaal, Oupa spoeg ’n weerligstraal
Ag, hoe wyd het ek gedwaal van die maan, van die maan
Van die maan deur ’n gaatjie in die nag
Van die maan deur ’n gaatjie in die nag